basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

VERBRUIKERSTUDIES

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

VRAAG	INHOUD	PUNTE	TYD (minute)
AFDELING A (Kortvrae)			
1	Kortvrae (ALLE onderwerpe)	40	20
AFDELING B (Langvrae)			
2	Die Verbruiker	40	40
3	Voedsel en Voeding	40	40
4	Kleding	20	20
5	Behuising en Interieur	20	20
6	Entrepreneurskap	40	40
	TOTAAL:	**200**	**180**

2. AL die vrae is VERPLIGTEND en moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.

6. Skryf slegs met swart of blou ink.

7. Skenk aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KORTVRAE

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.21 D.

1.1.1 Handelsbanke leen geld by die Reserwebank teen die volgende koers:

A Inflasiekoers
B Repokoers
C Prima rentekoers
D Belastingkoers (1)

1.1.2 Mary het 'n e-pos ontvang wat haar gevra het om haar bankwagwoord aanlyn te verander, wat 'n voorbeeld van 'n …-swendelskema is.

A identiteits
B werk-van-die-huis-af
C uitvissing
D lotery (1)

1.1.3 Die mins volhoubare bronne wat energie verskaf, is …

A gas en steenkool.
B gas en sonkrag.
C sonkrag en windkrag.
D windkrag en steenkool. (1)

1.1.4 Die finansiële verantwoordelikheid van gemeenskapslede met betrekking tot hulle munisipaliteit, is om … te betaal.

A verbandlenings en versekerings
B versekerings en belastings
C eiendomsbelasting
D verbandlenings en belasting (1)

1.1.5 Sam kon nie ophou om sy gimnasiumlidmaatskapgeld vir 12 maande te betaal nie, omdat hy 'n kontrak geteken het wat 'n … is.

A wetlike ooreenkoms tussen twee partye
B garansie om aan te hou betaal
C amptelike belofte vir betaling
D betaalplan met kredietkaart (1)

1.1.6 … sal die absorpsie van yster bevorder.

A Olyfolie
B Amandelmelk
C Groentee
D Aarbeie (1)

1.1.7 Leerders kan met gastroënteritis besmet word nadat …

A hande onder lopende water gewas is.
B daar saam met ander leerders gespeel is.
C vuil eetgereedskap gedeel is.
D goed gaargemaakte voedsel geëet is. (1)

1.1.8 Die eet van pasteie en koeke kan tot die ontwikkeling van koronêre hartsiektes lei omdat hulle hoog in … is.

A transvetsure
B poli-onversadigde vette
C aminosure
D mono-onversadigde vette (1)

1.1.9 Die stof wat doelbewus by voedsel gevoeg word om galsterigheid te voorkom:

A MNG (Mononatriumglutamaat)
B Tartrasien
C Vitamien E
D Lesitien (1)

1.1.10 Kies die peuselhappie wat die BESTE sal wees om hipertensie te bestuur:

A Droëwors
B Jogurt
C Kaaskraakbeskuitjies ('Crackers')
D Aartappelskyfies (1)

1.1.11 Inflasie is 'n… faktor wat modeverandering beïnvloed.

A politieke
B tegnologiese
C ekonomiese
D sosiale (1)

1.1.12 Die stadium waar 'n klere-item NIE meer in die meeste winkels beskikbaar is NIE:

A Piek
B Verouderd
C Bekendstelling
D Afname (1)

1.1.13 'n Klere-item word … sodra dit deur 'n groot groep mense aanvaar word.

A mode
B styl
C retrospektief
D dinamies (1)

1.1.14 'n … sluit alle voorwaardes in wanneer 'n eiendom gekoop word.

A Uitsettingsklousule
B Titelakte
C Verkoopakte
D Kopersooreenkoms (1)

1.1.15 Nadat 'n toestel aangekoop en afgelewer is, moet die verkoper …

A die waarborg eerbiedig.
B die toestel nagaan.
C verbruikersinligting verskaf.
D opleiding oor die gebruik van die toestel verskaf. (1)

1.1.16 Vir 'n besigheid om 'n wins te maak, moet dit … by die totale koste voeg.

A arbeid
B 'n winsopslag
C rente
D toerusting (1)

1.1.17 Die … is NIE deel van die bemarkingsplan NIE.

A verkoopspunt
B beplanning vir produksie
C prysvasstellingstrategie
D advertering van die produk (1)

1.1.18 Produkspesifikasies moet … insluit.

A die koste van grondstowwe
B gehaltebeheerpunte
C die grootte van die produkte
D bemarkingstrategieë (1)

1.1.19 … dui aan hoe geld met verloop van tyd in 'n besigheid beweeg.

A Aanvangskapitaal
B 'n Begroting
C Winsgrens
D Kontantvloei (1)

1.1.20 … kan doeltreffende produksie verhinder.

A Voldoende werksruimte
B Duidelike produkspesifikasies
C Ongeskoolde werkers
D Gereelde voorraadbeheer (1)

1.2 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Die (rentekoers/inflasiekoers/repokoers) is die koers wat deur die bank gehef word wanneer geld aan verbruikers geleen word.

1.2.2 (Kapitaalwinsbelasting/Aksynsbelasting/Boedelbelasting) is belasting betaalbaar op vinnig bewegende verbruikersgoedere.

1.2.3 'n (Stokvel/Swendelskema/Piramideskema) vergoed sy lede vir die werwing van nuwe lede. (3 x 1) (3)

1.3 Kies VIER redes uit die lys hieronder waarom hierdie uitrusting vir die professionele werksplek geskik is. Skryf slegs die letters (A–H) langs die vraagnommer (1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

	Hierdie swart uitrusting bestaan uit die volgende: • Baadjie • T-hemp • Belt • Formele broek • Formele skoene [Bron: Suite expert.com]

A Die uitrusting sit te styf.
B Dit skep 'n informele voorkoms.
C Die baadjie en die broek kan met 'n hemp en das gedra word.
D Die uitrusting sal die draer breër laat vertoon.
E Die baadjie kan saam met broeke/skoene in verskillende kleure gedra word.
F Dit kan slegs in die winter gedra word.
G Die uitrusting vertoon professioneel.
H Die baadjie is 'n modegier. (4)

1.4 Gee EEN behuisingsterm vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.4.1 Verantwoordelik vir die bestuur van 'n deeltitelkompleks

1.4.2 'n Maandelikse terugbetaling wat aan die bank gemaak word, wat geleen is om grond/eiendom te koop

1.4.3 Geld wat aan die huurder terugbetaal word nadat hy/sy uit die eiendom getrek het (3 x 1) (3)

1.5 Pas die voedselbron in KOLOM B by die beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.5.6 J.

KOLOM A BESKRYWINGS		KOLOM B VOEDSELBRON	
1.5.1	Dierlike voedselbron ryk aan onversadigde vette	A	appels
1.5.2	Mono-onversadigde vette wat die LDL (laedigtheid-lipoproteïene) verlaag	B	koeldranke
1.5.3	Plantaardige voedsel wat laag in vet en 'n bron van yster is	C	gebraaide hoender
1.5.4	Lei tot 'n verhoging in LDL (laedigtheid-lipoproteïene)	D	pelsers ('pilchards')
1.5.5	Goeie bron van vesel wat cholesterol verlaag	E	olyfolie
		F	laevetmelk
		G	peulgroente

(5 x 1) (5)

1.6 Kies VYF faktore uit die lys hieronder wat tot die finansiële volhoubare winsgewendheid van 'n besigheid sal bydra. Skryf slegs die letters (A–J) langs die vraagnommer (1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A Die besigheid het elke dag klante.
B Hulle is in 'n baie private area geleë.
C Drie lenings is uitgeneem om die besigheid te begin.
D Produkte kan pasgemaak word volgens die vereistes van klante.
E Daar is 'n wagperiode van ses maande vir produkte om vervaardig te word.
F Dit het 'n afdeling wat klante se klagtes hanteer.
G Dit gee krediet aan enige iemand wat koop.
H Hulle het 'n rekening by die plaaslike verskaffer van hulle materiaal.
I Die besigheid is op Sondae en openbare vakansiedae gesluit.
J Die besigheid het baie volgers op sosiale media. (5)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: LANGVRAE

VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 Noem EEN bron van inkomste vir munisipaliteite. (1)

2.2 Noem die hoofrol van die SAID (Suid-Afrikaanse Inkomstediens). (1)

2.3 Noem TWEE tipes rente wat op skuld gehef word. (2)

2.4 Noem die voordeel van die betaal van voorlopige belasting vir sekere belastingbetalers. (1)

2.5 Maak 'n lys van DRIE eienskappe van 'n multivlak/stapelvlak-bemarkingskema (MVB). (3)

2.6 Noem VIER maniere om water te bespaar wanneer daar tuin gemaak word. (4)

2.7 Bespreek maniere om elektrisiteit en tyd te bespaar wanneer 'n elektriese stoof en oond tydens die gaarmaak van voedsel gebruik word. (5)

2.8 Verduidelik die verantwoordelikhede van gemeenskapslede met betrekking tot die gebruik van munisipale dienste. (3)

2.9 Verduidelik hoe munisipaliteite hulle fondse moet gebruik. (4)

2.10 Beskryf hoe veranderinge in rentekoerse verbruikerbesteding affekteer wanneer die rentekoers:

2.10.1 Verhoog (4)

2.10.2 Verlaag (4)

2.11 Analiseer die impak van die onverantwoordelike gebruik van elektrisiteit op beide die omgewing en die ekonomie. (8)
[40]

VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 Verduidelik die volgende terme:

3.1.1 Arteriosklerose (3)

3.1.2 Hoë bloeddruk (hipertensie) (2)

3.2 Noem VIER dieetriglyne om hoë bloeddruk (hipertensie) te voorkom en te bestuur. (4)

3.3 Gee DRIE redes waarom geneties gemodifiseerde voedsel baie verbruikers kan voed. (3)

3.4 Maak 'n lys van VIER nadele daarvan om voedsel organies te kweek. (4)

3.5 Noem TWEE maniere waarop voedseloordraagbare siektes tussen mense oorgedra kan word. (2)

3.6 Voedseletikette bevat baie belangrike inligting vir verbruikers.

Identifiseer en verduidelik die inligting op 'n voedseletiket wat verbruikers kan help met die voorkoming en bestuur van voedselverwante gesondheidstoestande. (3 x 2) (6)

3.7 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KZN STEEDS ERNSTIG GEWAARSKU SOOS WAT WEER VERERGER

Die stortreënbuie het 'n spoor van vernietiging gelaat, wat wydverspreide oorstromings en ontworteling van bome veroorsaak het, wat verskeie gemeenskappe geaffekteer het.

[Aangepas uit *The Witness*, 14 Maart 2025]

Voorspel die impak wat die oorstromings op voedselsekerheid in die geaffekteerde areas kon hê. (4)

3.8 Bestudeer die maaltydplan hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ONTBYT	PEUSELHAPPIES	MIDDAGETE
Volkoring-graankos met volroommelk 2 gebakte eiers Gebraaide tamatieskyfie 1 sny geroosterde volkoringbrood met botter	Biltong Gesoute grondboontjies Water	Pap/Rys Boerewors/Wors Vrugteslaai Bruiskoeldrank

3.8.1 Bespreek die voordele van die ontbyt hierbo vir 'n persoon met anemie. (4)

3.8.2 Analiseer die geskiktheid van die maaltydplan vir 'n persoon met hoë bloedcholesterol. (8)

[40]

VRAAG 4: KLEDING

4.1 Gee die term wat die rigting beskryf waarin mode beweeg. (1)

4.2 Definieer die volgende terme:

4.2.1 Handelsmerkrowery (2)

4.2.2 Modegier (2)

4.3 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Op die eerste dag ná die skoolvakansie het vier verskillende onderwyseresse dieselfde rok gedra.

Verduidelik waarom hierdie rok as 'n kontemporêre mode beskou kan word. (3)

4.4 Bespreek die impak van die vervaardiging van volhoubare tekstiele op die natuurlike omgewing. (4)

4.5 Bestudeer die uitrusting vir die werksplek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Die uitrusting bestaan uit:

- Wit langmoubloes
- Roomkleurige (Beige) noupassende uitkloklangbroek
- 'n Roomkleurige (Beige) kort baadjie met lang moue, ronde nek, knope en sakke
- Roomkleurige (Beige) hoëhakskoene
- Roomkleurige (Beige) handsak

[Bron: Pinterest]

4.5.1 Verduidelik waarom die bloes en die broek van die uitrusting as klassieke style beskou kan word. (3)

4.5.2 Analiseer die optiese illusies wat deur die uitrusting geskep word. (5)
[20]

VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

5.1 Noem TWEE betaalmetodes wat gebruik word wanneer huishoudelike toestelle aangekoop word. (2)

5.2 Maak 'n lys van VIER koste wat deur die heffing in 'n deeltitelkompleks gedek word. (4)

5.3 Noem VIER finansiële nadele van huur vir 'n huurder. (4)

5.4 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Die oorstromings in Junie het ongeveer 4 724 huishoudings ontwortel, met 2 145 huise gedeeltelik beskadig en 3 000+ beskadigde of vernietigde informele wonings in Suid-Afrika.
>
> [Bron: www.sanews.gov.za]

Bespreek die finansiële implikasies vir huiseienaars wie se huise deur die oorstromings geaffekteer is. (4)

5.5 Bestudeer die prente hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

STOOF A 	• Stoof met twee soliede plate en 'n oond • Vlekvryestaal-buite-afwerking [Bron: www.Sixty60.co.za]
STOOF B 	• Stoof met twee spiraalplate • Swart buite-afwerking [Bron: www.Sixty60.co.za]

5.5.1 Vergelyk die plate van STOOF A en STOOF B ten opsigte van funksionaliteit. (3)

5.5.2 Beskryf waarom STOOF A geskik is vir 'n persoon wat in 'n agterkamer/oumawoonstel woon en dit geniet om 'n verskeidenheid maaltye gaar te maak. (3)

[20]

VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 Noem TWEE maniere waarop instandhouding van toerusting in 'n besigheid kan plaasvind. (2)

6.2 Noem TWEE elektroniese maniere waarop 'n entrepreneur sy/haar produkte in die gemeenskap kan adverteer. (2)

6.3 Gee TWEE redes waarom die korrekte berging van produkte belangrik is. (2)

6.4 Onderskei tussen *aanvangskoste* en *produksiekoste*. (2)

6.5 Verduidelik waarom dit vir 'n entrepreneur belangrik is om die volgende in ag te neem wanneer 'n nuwe besigheid begin word:

6.5.1 Beskikbaarheid van menslike vaardighede (2)

6.5.2 Beskikbaarheid van werksruimte (2)

6.6 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SEW HOOKED

Sew Hooked het in 2015 as 'n ma-en-dogter-span begin. Hulle wou 'n moderne kinkel (iets anders) aan tradisionele hekelwerk gee deur hoede en huisbykomstighede in 'n groot reeks van verskillende kleure te hekel.

Hulle gebruik plaaslik vervaardigde herwinde gare om hulle produkte te maak. Alle produkte word in hulle fabriek in Durban vervaardig. Die produkte word regdeur die land verkoop deur posbestelling, webtuiste, sosialemedia-bladsye, 'n handwerkstalletjie by 'n vlooimark en in die Waterfront in Kaapstad, wat 'n belangrike toeristebestemming is.

Hulle berg al hulle gare, penne/naalde en bykomstighede in deurskynende houers, met etikette, op ingeboude rakke.

[Aangepas uit Sew Hooked.co.za]

6.6.1 Identifiseer die teikenmark by die Waterfront. (1)

6.6.2 Haal 'n stelling uit die gevallestudie aan wat aandui dat hulle volhoubare produsente is. (1)

6.6.3 Maak 'n lys van die inligting wat op die etiket van die gehekelde produkte moet verskyn. (4)

6.6.4 Verduidelik die belangrikheid van 'n netjiese werksplek sodat die besigheid doeltreffend is. (2)

6.6.5 Gee redes waarom die produkte van Sew Hooked vir verbruikers aantreklik kan wees. (5)

6.6.6 Lees die inligting hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Die produksiekoste van een hoed is R195,00. Hulle voeg 40%-winsopslag by.

Bereken die verkoopprys van EEN hoed. Toon ALLE berekeninge. (3)

6.6.7 Bespreek die moontlike nadele van die gebruik van herwinde grondstowwe in die vervaardiging van hulle produkte. (4)

6.7 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Die Suid-Afrikaanse regering wou die koers van belasting op toegevoegde waarde (BTW) met 0,5% verhoog. Dit sou uitdagings vir kleinskaalse Suid-Afrikaanse besighede ingehou het. [Aangepas uit bizcash, Maart 2025]

Bespreek die effek wat 'n moontlike verhoging in BTW op die volhoubare winsgewendheid van kleinskaalse besighede kon hê. (8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou